

24 September

**Skrifgedeelte: 1 Konings 18:20-40**

**Fokusgedeelte: 1 Konings 18:36, 37**

### **Vertrou volkome op die Here**

Elia se naam beteken: My God is die HERE. Op Karmel bevestig sy optrede juis dat hy weet Wie sy HERE is, Wie vir hom sorg, hom lei en beskerm. Die volk Israel se harte het verdeeld gestaan oor Wie werklik Here is. Elia tree dan op om hulle te oortuig dat daar maar Eén God is – die God van hulle voorvaders. Hoe tree Elia daar op Karmel op?

*Hy ken die adres tot Wie hy moet roep.* Hy roep die God van Abraham, Isak en Jakob aan. Die God wat Hom met 'n eed aan hulle verbind het en wat Hom deur die geskiedenis as getrou bewys het. Hy ken hierdie God se beloftes aan sy volk.

*Hy is oortuig dat hy op hierdie HERE kan vertrou.* Hy sal man-alleen die HERE aanroep, terwyl 450 profete vir Baäl kan aanroep. Daar was juis 'n heidense siening dat getalle groter oortuigingskrag by die gode het. Verder gooi Elia ook nog die altaar en die offer sopnat, sodat die aansteek van sy offer werklik as 'n buitengewone daad van God gesien kan word. Hy het ook aan die Baälprofete die voordeel gegee dat hulle eerste kon probeer bewys dat Baäl eintlik god is. Die uitslag het die volk tot bekering geruk: "Die Here is God! Die Here is God!"

God het Hom ook aan ons kom bewys as ons God deurdat Hy sy Seun na hierdie wêreld gestuur het om as Offer vir ons sondes onder sy toornloed verteer te word. Hierdie Jesus bid dan kort voor Hy sy offer bring: "Vader, as U wil, neem tog hierdie lydensbeker van My af weg. Laat nogtans nie My wil nie, maar U wil geskied." Hy het geweet Wie se opdrag Hy moes volbring. Uiteindelik gee Hy aan ons sy Gees om ons op ons pad te vergesel.

As ons die HERE ken, behoort ons ook oortuig te wees Wie Here in ons lewe is. Behoort ons ook te weet dat ons Hom kan vertrou, Hy sal ons lei tot ons voet in die ewige Sion staan. Tog kan met reg die vraag gevra word of ons nie ook soms op twee gedagtes hink nie? Stel ons werklik ons vertrou in Hom? Stel ons nie dalk soms meer ons vertrou in geld, besittings, genot, sport, invloedryke mense, en die geluksgod nie? Maak ons nie dalk soms net van Hom 'n noodgod nie? Of roep ons Hom nie dalk soms net aan om self daaruit voordeel te probeer trek nie (inkopielys-gebede)?

Spreuke 3:5, 6 sê: "Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop." Ken die Here! Vertrou Hom met jou lewe! Hy is getrou!

*Sing: Psalm 25:2*

*Ds. AB van der Walt (Lichtenburg)*